24 April 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir Noord- en Suid-Amerika

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Afrikafokus: Mosambiek
- VSA-aanplantingsvordering

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies
- Produsentelewerings

Plaaslike en internasionale nuus

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Prys-risikobestuur
Minimum/maksimum-opsiestrategie

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

Minimale reënval word vir die somergraangebiede voorspel. Die bietjie reën wat veral in die oostelike dele van die land verwag word, sal die oes van sojabone belemmer en moontlik skade aanrig.

Tien-dae weervooruitsig: Noord-Amerika

Goeie reënval veral in die oostelike dele van die mielie-gordel sal veroorsaak dat grondvog voldoende sal wees vir vroeë aanplantings in die gebiede. Temperature begin styg, wat die aanplantingstempo sal versnel.



INTERNASIONALE

WEER

Tien-dae weervooruitsig: Suid-Amerika

Droë weer sal die oestempo van sojabone in Brasilië versnel. Baie nat toestande word vir oostelike dele van Argentinië voorspel, wat die mielie-oestempo sal vertraag.



RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Oos-Vrystaat

Dorp	April 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	April 2018/19	April 2017/18
Bethlehem	35	408	115	0
Frankfort	77	693	164	0
Harrismith	95	566	160	0
Heilbron	62	669	124	0
Kroonstad	19	486	209	0
Marquard	41	387	139	0
Senekal	22	415	121	0
Theunissen	59	457	224	0
Ventersburg	36	528	222	0

Wes-Vrystaat

Dorp	April 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	April 2018/19	April 2017/18
Allanridge	37	651	241	0
Bloemfontein	59	466	128	0
Bothaville	72	652	167	0
Bultfontein	38	482	205	0
De Brug	68	502	135	0
Losdoorns	48	685	231	0
Orkney	32	695	173	0
Viljoenskroon	31	546	245	0
Welkom	52	536	258	0
Wesselsbron	35	633	242	0

RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Mpumalanga

Dorp	April 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	April 2018/19	April 2017/18
Amersfoort	42	389	16	0
Balfour	26	322	35	0
Bethal	24	384	52	0
Carolina	80	410	11	0
Delmas	67	722	55	0
Ermelo	25	702	57	0
Greylingstad	82	671	95	0
Hendrina	91	906	124	0
Middelburg	58	783	52	0
Morgenzon	82	756	215	0
Standerton	63	520	9	0
Wonderfontein	32	610	126	0

Noordwes

Dorp	April 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	April 2018/19	April 2017/18
Bloemhof	56	539	126	0
Delareyville	36	633	221	0
Derby	43	468	190	0
Klerksdorp	72	881	287	0
Lichtenburg	42	498	134	0
Ottosdal	44	331	221	0
Potchefstroom	61	780	183	0
Regina	57	639	153	0
Sannieshof	20	298	174	0
Schweizer-Reneke	37	569	165	0
Ventersdorp	58	630	255	0

RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	JUL ’20	SEP ’20	DES ’20	MAR '21
PMB-invoerpariteit	R3 380	R3 336	R3 562	R3 769
Kaap-invoerpariteit	R3 046	R3 068	R3 227	R3 438
SAFEX geelmielies	R2 734	R2 779	R2 862	R2 811
Uitvoerpariteit	R2 734	R2 640	R2 831	R2 811

LANDBOU

FOKUS: Mosambiek

Mielies:

Produksie (miljoen ton)	Verbruik (miljoen ton)	Invoere (miljoen ton)
2,5 - 2,7	1,9 - 2,0	0,15 - 0,2

- Die land se produksie is opwaarts aangepas as gevolg van die toename in aanplantings asook gunstige groeitoestande.
- Die hoër produksievlakke sal ‘n surplus lewer wat na ander Afrika-lande uitgevoer sal kan word.
- Invoere sal steeds in die suidelike dele nodig wees omdat die koste om binnelandse produksie na die suide te vervoer, té hoog is.

INTERNASIONALE

LANDBOU

VSA-aanplantingsvordering soos op 20 April 2020

Mielies:		**Sojabone**:	
	Vorige jaar = 5%		Vorige jaar = 1%
	Vorige week = 3%		Vorige week = 0%
	Huidige week =7%		Huidige week =2%
	5-jaargemiddeld =2%		5-jaargemiddeld =1%

PLAASLIKE

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoer = 986 276 t
- Vorige week = 19 938 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 389 349 t
- Vorige week = 7 360 t
- Invoer = 509 684 t
- Vorige week = 0 t



PLAASLIKE
LANDBOU

Oliesaadprodusente-lewerings





WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die rand het die afgelope week steeds swakker as die vorige week teenoor die Amerikaanse dollar verhandel. Die impak van die Covid-19-pandemie eis steeds sy tol op die Suid-Afrikaanse geldeenheid en vrese oor die swak ekonomiese groei-vooruitsigte wat beleggers afskrik.

‘n Globale resessie word vir 2020 verwag, gevolg deur baie langsame herstel.

Die tegniese analise dui op die moontlikheid dat die rand die vlak van R21/USD sal bereik en moontlik eers nader aan die jaareinde sal versterk.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUUS

Mielies in Suid-Brasilië ly onder die droogte

Boere in die suide van Brasilië is steeds bekommerd oor die opbrengste op hul safrinha-mielies weens droogtetoestande wat al hoe meer intens word. Mielies in die deelstaat Parana is minstens 30 dae later as normaalweg aangeplant. Mielies is in 'n kritieke fase en opbrengste hang in die weegskaal. Benewens die droogte is daar kommer dat laat aanplantings dalk aan vriespunttemperature blootstelgestel kan voordat dit die volwasse stadium bereik.

Lees meer by:
http://www.soybeansandcorn.com/news/Apr23_20-Safrinha-Corn-Dry-in-Southern-Brazil-Doing-OK-in-Central-Brazil

Mening:

Laer opbrengste in Brasilë sal totale produksie onder druk plaas, uitvoere beperk en internasionale pryse ondersteun.

Winterreënval moontlik in Meimaand

Die klimatoloog, Johan van den Berg, voorspel dat reënval in somerreënvalgebiede teen die einde van April tot die tweede week in Mei 20 mm of minder behoort te wees.

Hy raai wintergraanprodusente aan om hul grondbewerkings vroeg genoeg af te handel aangesien reënval vanaf die tweede helfte van Mei in hierdie streke moontlik is.

Lees meer by:
https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/neerslae-oor-somer-en-winterreenstreek-moontlik-in-mei-20200421

Mening:

Indien reën in Mei sal val, sal die sojaboon-oestempo verlangsaam en dit kan moontlik ook skade aan die huidige oes aanrig, wat SAFEX-pryse sal ondersteun.

Verlaging in brandstofpryse

Brandstofpryse in Suid-Afrika gaan verder daal as gevolg van Brent-ruolie wat op Woensdag 22 April die laagste vlakke in 20 jaar behaal het met 'n prys van $16,50 per vat.

Die petrolprys behoort in Mei met ongeveer R2,00 per liter te val en diesel met nagenoeg R1,37. Die verlaging in die brandstofpryse is direk afhanklik van die olieprys en die waarde van die Suid-Afrikaanse geldeenheid.

Lees meer by:
https://www.businessinsider.co.za/petrol-price-set-to-hit-its-lowest-level-in-years-as-oil-collapses-2020-4

Mening:

Laer brandstofpryse sal produseerders se insetkostes beperk en winste vergroot, wat produsente dus tot groter aanplantings in die komende seisoen sal aanspoor.

OPSOMMING

- Laat reënval in April en Mei sal die oesproses van sojabone vertraag en ook opbrengste benadeel.
- Geelmielies verhandel teen uitvoerpariteit wat steeds ‘n aanduiding is dat Suid-Afrika in die posisie is om uit te voer, aangesien die land se mielies goedkoop genoeg is.
- Sojaboon-lewerings het sedert verlede week van produsente af begin instroom en die oesproses sal vanaf volgende week in volle swang wees.
- VSA-aanplantings het vandeesweek in die meeste state afgeskop, maar sal eers oor twee weke volstoom plaasvind.

PRYS

RISIKOBESTUUR

Minimum/Maksimumprys:

Hoe werk dit?

'n "Put" opsie word vir die kliënt aangekoop om 'n minimumvlak vas te stel. Om die koste laag te hou, word daar terselfdertyd 'n "call" opsie verkoop, wat die maksimumprys vir die kliënt vasstel.

Indien die markprys in die toekoms die maksimumvlak ("call" opsie) bereik, ontvang die kliënt 'n kort "future" posisie wat hulle dwing om hulle produk teen dié vlak te lewer.

Indien die minimumvlak (lang "put" opsie) van die markprys bereik word, is die kliënt daarvan verseker dat hulle teen die minimumvlak kan lewer, ongeag hoe ver die mark onder die vlak daal.

Veronderstel die kliënt doen 'n min/maks prys soos op die grafiek:

Die kliënt koop 'n "put" opsie @ R2 560 (minimumvlak) teen 'n koste van R120/t. Die kliënt verkoop 'n "call" opsie @ R3 000 (maksimumvlak) teen 'n premie van R25/t. Dus kan die kliënt nou 'n minimum van R2 560/t en 'n maksimum van R3 000/t vir hul graan ontvang.

Die strategie kos die kliënt in effek R120 (put) – R25 (call) = R95/t

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI

KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga